# FAK Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade  Ronde 2

Graad 9

Die tweede ronde bestaan uit die volgende:

**Fase 1:** Skryf ’n opstel en maak ’n video. Dit moet teen **3 Augustus** ingestuur wees.

**Fase 2:** Die finale ronde 2-vraestel word op **29 Augustus** landwyd geskryf, by aangewysde punte wat later gekommunikeer sal word.

## Fase 1: OPSTEL

Kies **EEN** van die volgende twee temas en skryf ’n opstel daaroor:

Opsie A: My familiegeskiedenis

Opsie B: As ek dít kon verander ...

## Opsie A: My familiegeskiedenis

Elke familie se geskiedenis vorm deel van die groter verhaal van Suid-Afrika. Deur jou familie se verlede te ondersoek, ontdek jy nie net waar jou familie vandaan kom nie, maar ook hoe historiese gebeurtenisse en veranderinge hul lewens beïnvloed het.

**Wat jy moet doen:**

Voer ’n onderhoud met ’n ouer, grootouer of ouer familielid oor julle familie se geskiedenis. Gebruik die inligting wat jy insamel, saam met enige foto's, dokumente of ander bronne wat beskikbaar is, om ’n historiese opstel van 700-1000 woorde te skryf.

**Jou opstel moet die volgende vrae beantwoord:**

- **Oorsprong en vestiging:** Waar kom jou familie oorspronklik vandaan? Beskryf hoe en waarom hulle oor tyd na ander dorpe, provinsies of lande verhuis het, of waarom hulle in dieselfde gebied gebly het.
- **Jou familie se stamboom:** Identifiseer belangrike persone in jou familie se geskiedenis en verduidelik watter rol hulle in die familie gespeel het.
- **Familietradisies en herinneringe:** Watter verhale, tradisies of gebruike is van geslag tot geslag oorgedra, en waarom is dit vandag nog belangrik?
- **Werk en lewensomstandighede:** Watter beroepe of ambagte het jou familielede beoefen? Hoe het hul werk en leefwyse oor die jare verander?

- **Historiese gebeure:** Watter belangrike gebeurtenisse in Suid-Afrika of die wêreld het jou familie se lewe beïnvloed? Verduidelik hoe hulle hierdie uitdagings of veranderinge ervaar het.
- **Persoonlike refleksie:** Wat het jy uit hierdie navorsing geleer, en hoe help dit jou om jou eie familie en geskiedenis beter te verstaan?

**Wenk vir 'n uitstekende opstel:**

Gebruik inligting uit jou onderhoud saam met ander betroubare bronne om jou familie se verhaal te ondersteun. Organiseer jou opstel chronologies en verduidelik hoe historiese gebeurtenisse jou familie se lewe beïnvloed het.

***Of***

## Opsie B: As ek dít kon verander ...

Geskiedenis word gevorm deur besluite, konflikte en belangrike gebeurtenisse wat die wêreld verander het. Indien jy een gebeurtenis uit die geskiedenis kon verander, hoe sou dit die verloop van die geskiedenis beïnvloed het?

**Wat jy moet doen:**

Skryf 'n historiese opstel van 700 tot 1000 woorde waarin jy verduidelik watter gebeurtenis jy sou verander en waarom.

**Jou opstel moet die volgende insluit:**

- **Historiese agtergrond:** Verduidelik die gebeurtenis, wanneer dit plaasgevind het en waarom dit belangrik was.
- **Die verandering:** Beskryf watter besluit of gebeurtenis jy sou verander.
- **Jou motivering:** Verduidelik waarom jy dink hierdie verandering sou 'n groot verskil gemaak het.
- **Oorsaak en gevolg:** Bespreek hoe hierdie verandering mense, gemeenskappe of lande sou beïnvloed het.
- **Die wêreld vandag:** Verduidelik hoe Suid-Afrika of die wêreld moontlik anders sou lyk indien hierdie verandering plaasgevind het

**Wenk vir 'n wenopstel:** Demonstreer kritiese en alternatiewe denke. Jou alternatiewe geskiedkundige verloop moenie bloot 'n fantasieverhaal wees nie; dit moet histories geloofwaardig wees en steun op akkurate feite, name en datums van die gekose era. Ons beoordeel jou vermoë om logiese historiese argumente buite die boks te bou. Daar is geen regte of verkeerde antwoord nie; ons beoordeel jou vermoë om histories buite die boks te dink! Kreatiwiteit word beloon!

**<u>Die opstel moet in Word-dokumentformaat na olimpiade@fak.org.za gestuur word.</u>**

Die dokument moet 'n Header bevat wat jou: Naam, Van, Graad, Skool, Provinsie en keuse van opstel bevat

*Bv. Megan Davies, 8, AHMP, Gauteng, Opsie A*

*Die volgende is wat nasieners in ag sal neem om jou opstel te merk:*

**OPDRAG 1: OPSTEL (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**
**Kategorie Punte**

| | |
|---|---|
| Inhoud en onderwerpbegrip | 20 |
| Geskiedkundige feite en navorsing | 25 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 15 |
| Logiese struktuur en vloei | 15 |
| Persoonlike insig, argument of storievertelling | 15 |
| Taalgebruik, spelling en aanbieding | 10 |
| **Totaal** | **100** |

***<u>En</u>***

## Fase 1: Video – Geskiedenis leef

Geskiedenis leef voort in monumente, standbeelde, historiese geboue en ander erfenisterreine wat vandag nog besoek kan word. Hierdie plekke help ons om die verlede beter te verstaan.

**<u>Wat jy moet doen:</u>**

Besoek 'n monument, standbeeld, historiese gebou of historiese baken in jou omgewing. Neem ten minste twee foto's en maak 'n video van 3 tot 5 minute waarin jy die geskiedenis en betekenis daarvan verduidelik.

**Jou video moet die volgende insluit:**

- Die naam van die baken, waar dit geleë is en wanneer dit opgerig is.
- Die geskiedenis van die baken en die belangrike persone of gebeurtenisse wat daarmee verbind word.
- Waarom die baken opgerig is en wat dit simboliseer.
- Waarom die baken vandag nog histories en kultureel belangrik is.
- Waarom dit belangrik is om hierdie deel van Suid-Afrika se erfenis vir toekomstige geslagte te bewaar.

**Wenk vir ’n uitstekende video:** Gebruik jou foto's, kaarte of ander historiese materiaal in jou video. Praat met selfvertroue en vertel die geskiedenis op ’n interessante manier. Kreatiwiteit en deeglike navorsing sal jou aanbieding versterk.

**Die video moet na olimpiade@fak.org.za gestuur word via WeTransfer!**

Om jou te help WeTransfer gebruik kyk *:* https://www.youtube.com/watch?v=gmzMsSCKj4E

Dokument Titel (vir albei video en opstel moet) :

**GO 2026: Leerder Naam en Van, Graad, Skool Naam , tipe**

*Bv. GO 2026: Megan Davies, 8, AHMP, video*

*Die volgende is wat nasieners in ag sal neem om jou video te beoordeel:*

**OPDRAG 2: VIDEO-UITDAGING (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**

| **Kategorie** | **Punte** |
|---|---|
| Geskiedkundige akkuraatheid en navorsing | 30 |
| Aanbieding en storievertelling | 20 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 20 |
| Waarom die monument/baken bewaar moet word | 10 |
| Gebruik van feite, datums en historiese persone | 10 |
| Tegniese gehalte (klank, beeld en verstaanbaarheid) | 10 |
| **Totaal** | 100 |

Wys jou passie vir geskiedenis. Verras ons met jou kreatiwiteit, navorsing en aanbieding! Die beste inskrywings is dié wat goeie navorsing met kreatiewe aanbieding kombineer. Maak seker dat jou feite korrek is, jou bronne betroubaar is en dat jy trots is op die werk wat jy indien. Dit is belangrik dat dit jou eie, oorspronklike werk is.

**Ons sien uit daarna om jou unieke geskiedenisverhaal te ontdek!**